higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUNISIPALE ADMINISTRASIE N6

(21010086)

4 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

224Q1J2104

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die noodsaaklike proses om boek te hou van geld, van sowel inkomste as uitgawes

1.1.2 Die inspeksie van boekhoukundige rekords en toetsing van interne beheerstelsels

1.1.3 Iets wat aan amptenare gegee word ter erkenning van hul pogings en as motivering vir hulle om beter te vaar

1.1.4 Bevordering van goeie betrekkinge tussen 'n organisasie en die publiek

1.1.5 Geld bestee aan bedryfs- en kapitaaluitgawes

1.1.6 Wetgewing wat voorsiening maak vir mediese onkostes van werkers wat aan diens beseer is

1.1.7 Die amptenaar wat normaalweg 'n munisipaliteit se finansiële sake behartig

1.1.8 'n Struktuur wat georder is van dié met die meeste mag tot dié met die minste mag

1.1.9 Geld wat oor 'n paar maande aan werknemers terugbetaal word as hulle hul werk verloor het

1.1.10 Die interne reëls wat die prosedure uiteensit waarvolgens werknemers hulle pligte moet uitvoer

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 'n Bestuurder kan al die funksies in sy direktoraat alleen uitvoer.

1.2.2 Die nasionale tesourie is verantwoordelik vir die verkryging van goedere en dienste uit die private sektor vir die plaaslike munisipaliteit.

1.2.3 Die Raad kan die dienste van amptenare beëindig as hulle skuldig bevind is aan wangedrag.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 Personeelinstandhouding is wanneer bestuurders van een departement werknemers met die bestuurders van 'n ander afdeling bespreek.

1.2.5 Die burgemeester is voorsitter van vergaderings van die uitvoerende komitee en verrig funksies wat aan hom/haar opgedra is.

1.2.6 'n Raadslid is die verteenwoordiger van die gemeenskap in die Munisipale Raad.

1.2.7 Munisipaliteite val onder die plaaslike regeringsfeer.

1.2.8 'n Onderhoud is deel van die seleksiefase in die aanstelling van 'n kandidaat vir 'n pos.

1.2.9 Raadslede mag vertroulike inligting direk en indirek bekend maak.

1.2.10 Personeelopleiding en -ontwikkeling is 'n funksie van die munisipale bestuurder.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Munisipaliteite mag belasting hef op (roerende/nieroerende) eiendom.

1.3.2 Bevordering beteken (horisontale/vertikale) beweging het plaasgevind.

1.3.3 Die praktiese voorbereiding van die opstel van die begroting word deur die (uitvoerende burgemeester/finansiële beampte) gedoen.

1.3.4 Die dienslys, ook bekend as die (werkprogram/ vaardigheidsinventaris), dui aan vir elke werker wat om te doen en hoe en wanneer.

1.3.5 Die Departement (Korporatiewe/Administratiewe) Dienste help al die ander departemente wat dienste lewer.

1.3.6 Munisipale werknemers word uit 'n (operasionele/kapitale) begroting betaal.

1.3.7 Die vermoë om (simpatie/inisiatief) te betoon, is een van die eienskappe wat 'n munisipale bestuurder benodig.

1.3.8 Die Ouditeur-Generaal oefen (interne/eksterne) beheer uit oor die finansiële aktiwiteite van 'n munisipaliteit.

1.3.9 Volgens die (openbare betrekkinge/instap) benadering kan mense van die straat af inkom en navraag doen oor werk/vakatures.

Kopiereg voorbehou

1.3.10 Beheer oor die goedere en dienste wat van die plaaslike owerhede ontvang word, is 'n voorbeeld van (interne/eksterne) beheer.

(10 × 1) (10)

1.4 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Bevorder respek vir geslagsgelykheid	A	word boetes opgelê
1.4.2	Gereelde assessering van die waarde van eiendomme	B	infrastruktuur
		C	hulpbronne
1.4.3	Fasiliteite wat dienste lewer soos kantore, vervoer, elektrisiteit en water	D	begroting
1.4.4	Goedere, vaardighede en materiaal wat in gemeenskappe beskikbaar is	E	assesseringskoers
		F	voorraadbeheer
1.4.5	Proses om nuwe mense te vind om in 'n plaaslike owerheid te werk	G	onderhoud
1.4.6	Maak deel uit van die seleksiefase in die aanstelling van 'n kandidaat vir 'n pos	H	gedragskode
		I	werwing
1.4.7	Manier waarop die plaaslike munisipaliteit sy hulpbronne en kapasiteit gebruik om ontwikkelingsdoelstellings in te sluit	J	Wet op Billike Indiensneming
1.4.8	Maatreëls wat detailkennis insluit van artikels, materiale en metodes om goedere te stoor	K	openbare betrekkinge
		L	waardasie
1.4.9	Help beamptes en werknemers om 'n duidelike beeld te kry van wat van hulle verwag word vanuit 'n etiese oogpunt		
1.4.10	Die gevolg van die oortreding van munisipale verordeninge of regulasies soos rommelstrooiing		

(10 × 1) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

INWONERS EIS BETER MUNISIPALE DIENSTE



Van die inwoners wat na die kantore van die Groter Letaba Munisipaliteit opgeruk het om beter dienste te eis

Sommige inwoners het op Donderdag 5 Julie na die kantore van die Groter Letaba Munisipaliteit opgeruk om beter dienste te eis. Die betogers het die munisipaliteit daarvan beskuldig dat hulle 52 algemene werkers in diens geneem het sonder om die regte prosedure te volg. Van die betogers se griewe was onder meer 'n tekort aan skoon, lopende water, behoorlike sanitasie en die munisipaliteit se versuim om grond beskikbaar te stel vir begraafplase, veral in die Ga-Kgapane-township. Hulle het die munisipaliteit daarvan beskuldig dat hulle gemeenskappe faktureer vir dienste wat nie gelewer is nie, dat hulle nie slaggate regmaak nie en dat hulle nie die grondpaaie in die dorpe herstel nie.

Hulle sê verder die Groter Letaba se bevolking bestaan meestal uit jongmense, maar die munisipaliteit inisieer nie projekte om werk aan die jeug te verskaf nie. Hulle eis dat die Raad van die Groter Letaba Munisipaliteit die Geïntegreerde Ontwikkelings-beplanning (IDP) moet hersien en noodsaaklike dienste moet prioritiseer en strategieë ontwikkel om iets aan die werkloosheid te doen. Hulle het met 'n rewolusie gedreig as die munisipaliteit nie aan hul eise voldoen nie.

Voordat Sello Sodi, die organiseerder van die betoging, 'n memorandum aan die burgemeester, Peter Matlou, oorhandig het, het hy gesê inwoners eis beter dienslewering van hulle munisipaliteit. Peter Matlou het gesê hy sal alle belanghebbendes in die munisipaliteit raadpleeg en die ontwikkeling binne die gegewe tydraamwerk met die publiek kommunikeer.

Die munisipale bestuurder, Innocent Sirovha, het gesê die 52 algemene werkers wat in November verlede jaar om werk aansoek gedoen het, is in diens geneem om die koste te bespaar om die poste weer te adverteer. 'Ons het 'n kortlys opgestel en die werkers aangestel na oorlegpleging met die vakbonde. Dit is gedoen nadat die ouditeur-generaal in sy verslag ernstige kommer uitgespreek het oor die baie vakatures in die munisipaliteit wat dienslewering belemmer,' het Sirovha gesê.

[Aangepas uit: *Letaba Herald,* 12 Julie 2018]

2.1 Noem DRIE ontwikkelingsbehoeftes wat die Groter Letaba Munisipaliteit volgens die gevallestudie geëis het. (3)

2.2 Noem VIER maniere waarop die plaaslike munisipaliteit die agterstand in die infrastruktuur en dienslewering kan verminder. (4)

2.3 Noem VIER aktiwiteite van kiesersbeheer ('voter control'). (4)

2.4 Noem VIER eienskappe wat die munisipale bestuurder, Innocent Sirovha, moet hê om sy rol behoorlik te kan vervul. (4)

2.5 Noem TWEE eksterne beheermaatreëls wat deur die Groter Letaba Munisipaliteit gebruik kan word. (2)

2.6 Noem DRIE redes vir billike ontslag uit die plaaslike munisipaliteit. (3 × 2) (6)

2.7 Noem NEGE elemente wat die Groter Letaba Munisipaliteit in die IDP-proses moet insluit. (9)

2.8 Noem VIER faktore wat kan verseker dat 'n goed gemotiveerde arbeidsmag by die Groter Letaba Munisipaliteit in plek is. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF metodes wat die Groter Letaba Munisipaliteit vir interne werwing kan gebruik. (5)

3.2 Noem DRIE minimum kwalifikasies wat munisipale werknemers ingevolge munisipale regulasies benodig. (3)

3.3 Noem TWEE strategiese benaderings vir geïntegreerde ontwikkelings-beplanning (IDP) om in die gemeenskap se diensleweringsbehoeftes te voorsien. (2)

3.4 Noem VYF probleme wat die Groter Letaba-munisipaliteit kan ondervind as die munisipale bestuurder, Innocent Sirovha, sy plig versuim deur kandidate nie behoorlik te sif/keur nie en nie die regte prosedure te volg by die vul van 'n vakature nie. (5 × 2) (10)

3.5 Noem VIER verantwoordelikhede wat die munisipale bestuurder in ag moet neem by die gebruik van personeel. (4 × 2) (8)

3.6 Noem SES funksies van die skakelbeampte in die Groter Letaba Munisipaliteit (6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 4

4.1	Definieer *finansiële beheer*.		(2)
4.2	Noem VYF doelstellings van interne beheer.	(5 × 2)	(10)
4.3	Noem TWEE tipes ingryping/intervensie in die finansies van 'n munisipaliteit.		(2)
4.4	Gee VIER redes waarom behoorlike finansiële bestuur belangrik is.		(4)
4.5	Gee VIER redes waarom beheermaatreëls in 'n plaaslike owerheid nodig is.		(4)
4.6	Noem SES areas wat gedek word deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, No. 75 van 1997, soos gewysig in 2002.		(6)
4.7	Noem SES aspekte wat van die munisipale bestuurder verwag word rakende die uitvoering van sy/haar pligte soos uiteengesit in die gedragskode.	(6 × 2)	(12)
			[40]

VRAAG 5

5.1	Wat is 'n *beleid*?		(2)
5.2	Wie is verantwoordelik vir beleidsbepaling in 'n munisipaliteit?		(2)
5.3	Beskryf TWEE riglyne wat 'n munisipale raad vir die personeelbeleid kan instel om te voorkom dat individuele kandidate bevoordeel word.	(2 × 2)	(4)
5.4	Opleiding is een van die personeelfunksies wat kan verseker dat die personeel van die Groter Letaba Munisipaliteit doeltreffend is.		
5.4.1	Noem VIER soorte opleiding wat die Groter Letaba Munisipaliteit kan verskaf.		(4)
5.4.2	Noem VYF verantwoordelikhede van die munisipale bestuurder met betrekking tot die opleiding en ontwikkeling van amptenare.	(5 × 2)	(10)
5.5	Noem DRIE maniere om die kapitaalbegroting te befonds.	(3 × 2)	(6)
5.6	Noem SES aspekte wat die Groter Letaba-munisipaliteit in gedagte moet hou wanneer hulle 'n meningsopname gebruik om die openbare mening te bepaal.	(6 × 2)	(12)
			[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou